

30 Desember

Skrifgedeelte: Tltus 2:11-15

Fokusgedeelte: Titus 2:14

Die groot geskenk

In Sondag 1 van die Kategismus bely jy jou troos wat jy in Christus het. Waarom is dit jou enigste troos in lewe en in sterwe? Omdat Jesus Christus se troos meer is as 'n blote deelneming in jou ellende; meer as die meegevoel wat Job se vriende kom betuig het toe hulle vir sewe dae stom by hom op die ashoop gesit het, oorweldig deur sy smarte.

Hulle kon nie vir Job vertroos nie, want meegevoel en troos is nie sinoniem nie. Is daar in medelye werklike lyding soos by die een wat ly en vertroosting nodig het? Kan ons as mense nie maar net hoogstens met mekaar simpatiseer nie? Ons kan iemand nie waarlik vertroos nie. Waarom nie? Kyk, ons kan nie teruggee wat die bedroefde verloor het nie. Job se vriende kon niks wat van hom weggeneem is, teruggee nie, nie sy besittings of sy kinders wat almal dood was nie.

Ware troos gee terug wat jy verloor het. Dit is net God wat waarlik kan vertroos. Jesus het Lasarus aan sy susters teruggegee. Deur die sondeval het jy nie net die Paradys verloor nie, maar die God van die Paradys. In die gawe van sy Seun het God Hom as Vader aan jou kom gee (Joh 3:16). Ons Here Jesus het dit nie net vir jou moontlik gemaak om verlos te word nie, maar Hy het volkome verlossing bewerk deur Hom in jou plek te gee en vir al jou sondes te ly en te sterwe (Titus 2:14). Die Heilige Gees het ook in jou kom woon. Jy het God weer in jou lewe ontvang. Dit is jou enigste troos in lewe en in sterwe. God verlaat jou nooit nie; daarom behoort jy aan jou getroue Verlosser, Jesus Christus. Beleef jy jou troos elke oomblik so persoonlik?

Sing: Skrifberyming 5:1,2 Ds J Venter (Emeritus)